

# Die Bruid van Jesus Christus!



Open 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam[Jesus] het gekom en sy vrou[bloedgewaste bruid] het haar gereed gemaak.

Open 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.



# Die Bruid van Jesus Christus

Nog nooit in die geskiedenis van hierdie wêreld was die kerk so traag om met Jesus te kommunikeer, en haar gereed te maak vir die Bruilof van die Lam, soos juis nou die geval is nie. Hierby bedoel ons die **“kerk” as geheel. Ons besef maar te goed dat daar reg deur die “kerk”** heelwat kinders van die Here is wat daaglik daarna streef om hul Bruidegom, Jesus Christus, te behaag in alles wat hul doen.

**Dat Christus ‘n ‘bruid’ sal hê is deur die Heilige Gees aan die Apostel Paulus bekend gemaak.**

Efes 5:23 Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus **ook Hoof is van die gemeente; ...**

Efes 5:24 Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig **is, ...**

Efes 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oor-gegee het

Efes 5:30 Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.

Efes 5:32 Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.

Jesus identifiseer homself as BRUIDEGOM vir SY bruid.

Mat 9:15 En Jesus sê vir hulle: Kan die bruilofsgaste dan treur so lank as die BRUIDEGOM **by hulle is? .....**

Joh 3:29 Hy wat die bruid het, is die BRUIDEGOM; .....

Die Joodse bruilof is simbolies van die Bruilof van die Lam, en ons kan baie daaruit leer.

Die verlowing.

**‘n Kontrak word voorberei deur die Joodse man. Sy vader gaan deur**

die kontrak om te sien of alles in orde is. Dan neem hy die kontrak na die bruid en haar vader en vra die groot vraag. As hulle tevrede is met **die kontrak drink hulle 'n glasië wyn saam.** [Die belangrikste deel van die huweliks-kontrak is die prys wat die bruidegom bereid is om vir die bruid te betaal.] Dan gee die man aan sy toekomstige bruid geskenke as teken van sy liefde. Wanneer hy weggaan belowe hy haar **dat hy vir haar 'n 'bruidskamer' gaan voorberei.**

Ons bruidegom het 2,000 jaar gelede na die aarde gekom om die **“kontrak”[Sy Woord] voor te lê wat God beplan het om die sondige mensdom uit hul sondige toestand te red.** Hy het die duurste prys denkbaar betaal deur sy lewe vir ons te gee en teruggekeer na Sy Vader met die belofte dat **Hy vir ons 'n plek gaan voorberei en ons dan sal kom haal.**

Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Ons moet die gestorte bloed van Jesus aanvaar om gered te word, en **Jesus het vir ons die Heilige Gees gegee as 'geskenk' met al die gawes en Sy Woord om ons toe te rus vir 'n heilige lewe.**

Wanneer die aanstaande bruidegom teruggekeer het na sy vader se huis, het **die bruid 'n reinigingsbad geneem**, simbolies van die onderdompelingsdoop wat ons ondergaan na die bekering.

Rom 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die **heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.**

Rom 6:5 Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvoermigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;

Op hierdie stadium word die twee beskou as wettig getroud, maar nog nie gereed om fisies saam te woon nie, net soos ons na die wedergeboorte aan Jesus behoort, maar nog nie by Hom in die hemel is nie.

**Wanneer hy tuiskom, begin die jong man dadelik om die 'bruidskamer' voor te berei.** Jesus is op die oomblik besig om ons plek voor te berei in die huis van sy Vader.

Dit kan baie lank neem om hierdie kamer voor te berei. As iemand sou vra wanneer die bruilof gaan plaasvind, sal die jong man antwoord dat hy nie weet nie, aangesien sy vader eers die kamer moet goedkeur. Jesus het aan sy dissipels gesê dat slegs sy Vader weet wanneer Hy sou terugkeer om sy bruid te kom haal.

Mark 13:32 Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.

Gedurende hierdie wagtyd sal die bruid haar gereedmaak en besig hou met al die geskenke. Die gelowiges bevind hulle vandag in die **“kleedkamer” van God waar die Heilige Gees help om die bruid te klee met “rein en blink fyn linne.”** Daardie linne is die regverdige dade van die heiliges. Hier volg die dinge waarmee ons, ons moet beklee:

Kol 3:12 Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.

**Daar is nog 'n baie noodsaaklike klee wat die Bruid van Christus moet aantrek.** Hierdie klee word bo-oor die ander gedra.

Kol 3:14 En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.

**Terwyl die gelowiges hulle in die “kleedkamer” van God bevind waar hulle beklee word vir die Bruilofsmaal, is die ongelowiges in die “ontkleedkamer” van Satan besig om hulle te ‘ontklee’. ‘Ontklee-partytjies’ waar die liggame van vroue en meisies ontbloot word**

vir die wellustige oë van mans, is aan die orde van die dag.

## Die Bruilof.

Die Bruidsmeisies:

Die bruidsmeisies is ongetroude vriendinne (maagde) wat die bruid bedien en lig verskaf aan die bruidegom wat in die nag kom om sy **bruid weg te “steel”**. Tradisioneel het die vriendinne hierdie lampies aangesteek gedurende die sluiering van die bruid. [Lig is simbolies van God se teenwoordigheid—Sy Shekaina heerlikheid.]

Mat 25:1 Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.

1Thes 5:2 want julle weet self baie goed dat die dag van die Here **kom net soos ‘n dief in die nag**.

Wanneer die bruidegom naby die huis van die bruid kom, roep hy en blaas op die ramshoring (shofar) om sy bruid te waarsku dat Hy naby is.

1Thes 4:16 **Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God**; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

Die bruidegom neem sy bruid vinnig weg. **Christus sal Sy bruid in ‘n oogwink wegvoer**.

1Kor 15:51 **Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,**

1Kor 15:52 **in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin**; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onver-ganklik opgewek word; en ons sal verander word.

## Die Bruid.

Die Bruid is die bloedgewaste kinders van die Here Jesus Christus, wie se lampies vol olie is en wie vol verwagting uitsien na die wederkoms van haar Bruidegom en Koning. Sy moet konsentreer **op haar 'bruidskap'**. **Dis nou die tyd vir die Bruid om in haar bruidskamertjie in te gaan en haar gereed te kry vir die bruilof, en te ondersoek vir enige vlek of rimpel.**

Jesus verlang na die liefde van sy Bruid. Hy verlang om gekoester en opgelig te word. Dat Sy bruid Hom sal liefhê met haar hele hart. Dat Hy eerste sal kom in haar lewe, maar ongelukkig het die Bruid soms ander belange wat voorkeur kry. **Ons lees daarvan in die boek "Hooglied van Salomo".**

Hoogl 5:2 Ek het geslaap, maar my hart het gewaak. Hoor, my beminde [Jesus] **klop: "Maak vir my oop, my suster, my vriendin, my duif, my volmaakte! Want my hoof is vol dou, my haarlokke vol nagdruppels."**

Maar sy antwoord:

Hoogl 5:3 **"Ek het my kleed uitgetrek, hoe kan ek dit weer aantrek? Ek het my voete gewas, hoe kan ek dit weer vuil maak?"**

Hoogl 5:4 My beminde het sy hand deur die deuropening gestee; toe het my binneste oor hom in beroering gekom;

Hoogl 5:5 ek het opgestaan om vir my beminde oop te maak, terwyl my hande drup van mirre en my vingers van vloeiende mirre op die handvatsels van die grendel.

Hoogl 5:6 Ek het vir my beminde oopgemaak, maar my beminde het weggedraai, verbygegaan; ek het my besinning verloor toe hy gespreek het; ek het na hom gesoek, maar hom nie gevind nie; ek het na hom geroep, maar hy het my nie geantwoord nie.

Hoeveel keer klop Jesus aan Sy bruid se deur, maar sy is te besig met ander dinge om aandag aan Hom te gee?

Vir die kerk/bruid in Éfese sê Jesus:

Open 2:4 Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

Open 2:5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.



Bruid, onthou u nog daardie eerste liefde vir Jesus? Die Sondag— môre, middag en aand die eerste was tog só vêr uitmekaar. Jy kon nie genoeg van Jesus kry nie! Jy kon nie genoeg vir Hom doen nie. Jy kon nie genoeg vir Hom gee nie, jouself, jou geld, jou tyd, alles! **Bybelstudie en gebed was ‘n plesier waarvan jy nie genoeg kon kry nie!**

**“Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het en bekeer jou en doen die eerste werke.”** Hier praat Jesus met die KERK, nie onbekeerde mense nie.

Wat moet die bruid doen?

Na die bad [van die wedergeboorte = doop] het die bruid haar bruidsrok aangetrek en haarself gereed gemaak vir die bruilof.

Eerstens moet die bruid haarself reinig van die EIE EK/EIE WIL.

Gal 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Efes 4:22 dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan,

Efes 4:23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van



julle gemoed

Efes 4:24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

Deur ons denke te vernuwe met die Woord van God, leer ons om ons te onderwerp aan God se wil, want Sy Woord is Sy Wil. Sy Woord leer ons wat God van ons verlang en verwag.

Rom 8:5 Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.

Rom 8:6 Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede,

Rom 8:7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

Rom 8:8 En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;

Die bruid wil tog haar bruidegom behaag, dan nie? Ons leer in 1 Sam 15:23 dat eiesinnigheid gelykstaande is aan afgodery.

1Sam 15:23 Want **wederstrewigheid is 'n sonde van waar-**sêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

### **Die Here plaas 'n geweldige hoë prys op gehoorsaamheid:**

1Sam 15:22 Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.

Jer 7:22 Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie.

Jer 7:23 Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan **sal Ek vir julle 'n God wees**, en **julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel**, dat dit met julle goed kan gaan.

Jer 7:24 Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bouse hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie.

Die huidige, **‘wêreldse kerk’** haat verantwoordelikheid en soek ‘n teologie wat **‘goedkoop’ is aan gehoorsaamheid.**

### Die Handleiding

Die Here het Sy bruid nie oningelig op die aarde gelaat nie. Die Woord van God is die bruid se handleiding na die hart van God in Jesus Christus.

Wanneer ons kyk na die vroeë Christene, sien ons in Handeling 1 baie duidelik wat hulle gedoen het om Jesus te behaag.

Hand 17:11 En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skryfte ondersoek of hierdie dinge so was.

Die waarde van daaglikse [persoonlike] Bybelstudie mag onder geen omstandighede onderskat word nie. Dis lewensbelangrik vir geestelike groei en om weerstand te kan bied teen die vyand.

Hand 5:42 En hulle het nie opgehou om elke dag in die tempel en van huis tot huis te leer nie, en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is.

Volgens hierdie teksvers was daar daaglikse dienste gehou, in die tempel en ook by die huise.

Heb 3:13 Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.

Wanneer ons sien dat een van ons broers of susters van die weg afdwaal, moet ons mekaar in liefde vermaan en reg leer. Ons

móét dus ook ontvanklik wees vir vermaning.

Luk 9:23 En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.

Jesus leer ons in Lukas 9 dat ons elke dag ons kruis moet opneem en Hom volg. Om jousef te verloën en elke dag jou kruis op te neem, is beslis nie maklik nie. Is die bruid nog bereid om dit vir haar Bruidegom te doen? Elke dag? Of het ons selfsugtig en lui geword?

2Tim 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid,

**Die Woord van God is 'n onuitputlike bron van kennis. Vir elke vraag en kwessie is daar 'n antwoord, as ons maar net die moeite wil doen om dit te deursoek en te bestudeer.**

1Joh 2:6 Hy wat sê dat hy in Hom [Jesus] bly, behoort self ook so te wandel soos Hy [Jesus] gewandel het.

Jud 1:20 Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid

Jud 1:21 en julleself in die liefde van God bewaar, terwyl julle die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus tot die ewige lewe verwag.

### Speserye gebruik in die reinigingsbad

1. Mirre: [Beteeken = gehoorsaamheid tot die dood]  
Dit kom van die primêre wortel in Hebreeus wat beteken - **'bitter lyding'**. Veerteenwoordigend van die bittere lyding van Jesus as mens op die aarde. Die oorspronklike betekenis van die woord is soos **'distillering in druppels'**. **'n Stadige proses van suiwering. Soos Christus se lewe 'n lewe van 'distillasie' was,** want al was Hy die Seun, het Hy gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het. Heb 5:8. Jesus het



Homself geledig van sy eie wil, deur Hom te onderwerp aan die wil van die Vader. Net so moet die kind van God ook die Mirre van distillasie dag na dag inasem deur sy/haar lewe en wil aan Christus te onderwerp.

2. Kaneel: [Beteke = Heiligheid van hart.]

Die primêre wortel van die woord vir Kaneel beteken **om ‘n geur vry** te stel.

Die nuwe hart van die gelowige is **‘n tuin met geurige speserye ‘n** hart afgesonder vir Jesus Christus alleen. Die owerspelige vrou sê in Spr 7:16 “Ek het my bed met dekens opgemaak, met bont spreie van Egiptiese linne;

Spr 7:17 ek het my bed besprinkel met mirre, alewee en kaneel—

Hier het ons te doen met die teenoorgestelde van die bruid van **Christus. In altwee gevalle stel die kaneel ‘n geur vry:** óf van **toewyding en heiligheid teenoor die Here, wat ‘n soet geur in die** neusgate van God is, óf die korrupsie geur van bedrog en verleiding, **wat ‘n stank in Sy neusgate is.**

3. Kassie (Cassia): [Beteke = eerbetoen aan God alleen.]

Kassie ruik en smaak byna soos Kaneel. Dit word egter beskou as minderwaardig in vergelyking met Kaneel. God het dit egter verhoog deur dit een van die 4 speserye van die Heilige Salfolie te maak. Die naam Kassie, kom van die wortel wat beteken **“om neer te buig,” “om eer te betoon” ‘n uitbeelding van die nederigheid van Christus** teenoor Sy Vader. Ons moet net soos Christus eer betoon aan die Vader met heilige vrees en eerbied.

4. Kalmoes (Calamus): [Beteke = opregtheid, regskaapenheid, onkreukbaarheid]

Kalmoes is die geurige olie van **‘n moerasplant. Alles aan Jesus Christus** is in ware balans met wie die Vader is.

Spr 14:2 Wie in sy opregtheid wandel, vrees die HERE; maar hy wat verkeerd is in sy weë, verag Hom.

**Hoe pragtig druk die “Amplified Bible” dit nie uit nie!!!**

Isa 26:7 The way of the [consistently] righteous (those living in

moral and spiritual rectitude in every area and relationship of their lives) is level and straight; You, O [Lord], Who are upright, direct aright and make level the path of the [uncompromisingly] just and righteous.

Christus alleen is regverdig in die oë van God, en ons in HOM.

2Kor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

Fil 3:9 en in Hom gevind te word, nie met *my geregtigheid* wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;

5. Henna: [Betekenen = vergifnis]

**Henna kom van 'n boom waarvan die blare 'n rooi vog afgee wat gebruik word as 'n rooi kleursel. Die Hebreeuse woord beteken: “om te bedek”, “verlossing”, “'n losprys”. Die primêre wortel van die woord beteken: “om te vergewe”** Hierdie geurige spesery dui dus die gestorte bloed van Jesus aan. Ons losprys van die sonde en die dood.

Hoogl 1:14 My beminde is vir my **'n tros** henna-blomme in die wingerde van Éngedi.

In die Midde Ooste word Henna pasta, die nag voor die bruilof, op die handpalms en voetsole van die bruid vasgebind. Die bruid van Christus se hande(werke) en voete (wandel) moet die soet geur van vergifnis vrystel, en die rooi vlek van Sy gestorte bloed uitlig **aan 'n verlore gaande wêreld.**

Mat 6:14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.

Mat 6:15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

6. Aalwyne: [Beteken = intimiteit]

Die woord aalwyn kom van die Arabiese woord wat beteken **“klein tentjies”**. Die klein, gepunte tentjie is die tipe waarvan gepraat word in 2 Sam 16:22 wat beteken ‘n **“plesier tent op die huis se dak”** of **“n bruidstent”** - **n plek van intimiteit**. Buite die kamp het Moses ‘n tent opgeslaan, ‘n tent waarin hy God kon ontmoet. Waar God met hom gepraat het soos ‘n vriend met ‘n vriend.

Exo 33:11 Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos ‘n man met sy vriend spreek.

Ons konstante hartsbegeerte behoort te wees om saam met Hom in die ‘bruidstent’ in te gaan, sodat Hy ons mag leer ken en ons vir Hom .

7. Nardus: [Beteken = Lig]

**Suiwer Nardus is ‘n baie duur en waardevolle spesery.**

Joh 12:3 **En Maria het ‘n pond egte**, baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare. En die huis is vervul met die reuk van die salf.

**Die woord Nardus is van die Hebreeuse wortel wat “lig” beteken.**

1Joh 1:5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.

Joh 1:9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.

Die bruid moet deel wees van die goddelike natuur en die lig van Christus uitstraal.

Rom 13:12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord.

Uiteindelik behoort selfs ons skaduwees so deurdrenk te wees van die lig van God, dat siekes sal gesond word wanneer ons by hulle verbyloop.

Hand 5:15 sodat hulle die siekes op die strate uitgedra en op bedde en draagbare gelê het, met die bedoeling dat, as Petrus kom, al was dit net sy skaduwee op iemand van hulle sou val.

8. Saffraan: [Betekenen = Geloof]

**Saffraan is 'n baie duur spesery. Om 450g saffraan te produseer, moet tweehonderd vyf en twintig duisend van die oranje-rooi puntjies van die piepklein blommetjies van die 'crocus sativus' met die hand gepluk word.**

Medisinaal versterk dit die hart - daarom is dit simbolies van die geloof wat Jesus Christus in sy hart gehad het teenoor Sy Hemelse Vader. Christus het Sy geloof deelagtig gemaak aan sy dissipels. Deur geloof is ons gered. Deur geloof leef ons en dit is volgehoue geloof wat Jesus soek wanneer Hy terugkeer.

Luk 18:8 Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?

1Pet 1:6 Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge,

1Pet 1:7 sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus;

9. Wierook: [Betekenen = Reinheid, Suiwerheid, Vlekkeloosheid]

**Wierook is 'n harsagtige stof wat uit die binnekant van die boom vloeit. Die woord in Hebreeus kom van die wortel wat beteken "suiwer" of "wit" as gevolg van die melkwit gomagtige "trane". Wanneer hierdie "trane" gebrand word, gee dit 'n sterk balsemgeur af. Dit vorm 'n wit rook wat simbolies is van die gebede van die heiliges wat opstyg na die troon van God.**

Open 8:3 En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierook-

bak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;

Open 8:4 en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.

10. Onycha (Grieks): [Beteken = Outoriteit]

Die Hebreuse woord is **“Shecheleth”** wat beteken **“om te brul soos ‘n leeu.”** Toe die Ou Testament (Septaugint) in Grieks vertaal is, is die woord vervang met Onycha. Dit word ook genoem **“rockrose” of “son(ne)rosie”**. Ons opgewekte Jesus is die Leeu uit die stam van Juda. Aan Hom is gegee al die mag in die hemel en op die aarde.

Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê:

Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

Die Vader se outoriteit word deur Christus gesimboliseer in die gebrul van ‘n leeu in:

Hos 11:10 Hulle sal agter die HERE aan trek; **Hy sal brul soos ‘n leeu.** Want Hy sal brul, en die kinders sal met siddering van die seekant aankom.

Hos 11:11 **Hulle sal sidderende aankom soos ‘n voëltjie uit Egipte en soos ‘n duif uit die land Assur; en Ek sal hulle laat woon in hulle huise, spreek die HERE.**

Die geur van onycha getuig nie alleen van Christus se outoriteit en Sy Koningskap hier op die aarde nie, maar soos dit daagliks deur die lugruim opstyg, **herinner dit satan dat hy ‘n oorwonne vyand is.** Die heiliges, of te wel die bruid, deel in Christus se outoriteit.

Luk 10:19 Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.

11. Gálbanum: [Beteken = Verering, Lofprysing, Aanbidding, Danksegging.]

Die Hebreuse woord is van die primêre wortel wat beteken **“vet”** of **“die rykste of beste (voorkeur) gedeelte.”** Vet was een van



die twee gedeeltes van die offer dier wat vir God uitgehou was.

Lev 3:16 En die priester moet dit op die altaar aan die brand steek as **vuurofferspys vir 'n lieflike geur**. Al die vet behoort aan die HERE.

Lev 3:17 **'n Ewige insetting is dit vir julle geslagte in al julle woonplekke**: géén vet en géén bloed mag julle eet nie.

Vet simboliseer die beste (goud gehalte en silwer gehalte) offer wat aan God gegee kan word.

Deut 28:47 Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorvloed van alles gedien het nie,

Joh 4:23 **Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer** die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom sō aanbid.

Psa 50:23 Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet.

Heb 13:15 Laat ons dan **gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer** bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.

Satan dryf die ongelowiges om die **“vet”** van hierdie eeu - Lof, verering, dankbetuiging, aanbidding, ens vir hulle self te neem.

Joh 5:44 Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die enige God kom, soek julle nie?

In direkte teenstelling met God se Woord, is sommige in die liggaam van Christus, geestelik oorgewig as gevolg van die feit dat hulle vir hulle self neem, dít wat God toekom, **“die vet”**.

Jes 42:8 Ek is die HERE, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.

12. Storaksgom (Stacte): [Beteken = Waarheid met Genade]

Stacte kom van die wortel wat beteken **“om saggies in druppels te**

## **val” of “om woorde van God te profeteer”**

Open 19:10 En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid;

**maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is ‘n mededienskneg van jou**  
en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God.

Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.  
Die heilige reukwerk van die Ou Testament, waarvan hierdie spesery **‘n deel was, het getuig van Christus, maar dit het ook die vyande**  
van Christus laat bewe van vrees.

Jos 2:9 en aan die manne gesê: Ek weet dat die HERE die land aan  
julle gegee het en dat die skrik vir julle op ons geval het en dat al  
die inwoners van die land vir julle bewe;

Jos 2:10 want ons het gehoor dat die HERE die water van die Skelf-  
see voor julle by jul uittoeg uit Egipte laat opdroog het en wat julle  
die twee konings van die Amoriete, Sihon en Og, oorkant die Jor-  
daan aangedoen het, dat julle hulle met die banvloek getref het.

Jos 2:11 Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt, sodat daar by nie-  
mand enige moed meer oorgebly het teenoor julle nie; want die  
HERE julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde  
hieronder.

Hierdie heilige reukwerk kon kilometers ver geruik word, selfs tot by  
die Kanaäniete anderkant die Jordaan.

2Kor 2:15 Want **ons is ‘n aangename geur van Christus tot**  
eer van God onder die wat gered word en onder die wat  
verlore gaan;

2Kor 2:16 **vir die laaste ‘n reuk van die dood tot die dood, maar vir**  
**die eerste ‘n reuk van die lewe tot die lewe. En wie is tot hierdie**  
dinge bekwaam?

Dit getuig van die waarheid van redding deur Christus alleen.

Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid  
en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My  
nie.

Hierdie waarheid van Christus waarvan daar deur die eeue heen ge-  
profeteer is, het in **“druppels”** geval, saggies, genadiglik.

Spr 16:6 Deur liefde (mercy) en trou (truth) word die skuld versoen, en deur die vrees van die HERE wyk 'n mens af van die kwaad. (KJV)

Ragab, die hoer, moes onder dié gewees het wat die reuk van hierdie profetiese getuienis van Jesus—die Weg, die Waarheid en die Lewe— gekry het en God gevrees en geglo het vir die redding wat Hy voorsien het.

Die bruid moet deurdrenk wees van die geur van hierdie **heilige “reukwerk”** en die geur daarvan moet daaglik in God se neusgate opstyg.

### Eienskappe van die Heiliges/Bruid

1. Selfbeheersing:

2Tim 1:7 Want God het ons **nie ‘n gees** van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

2. Vry van Jaloesie en Naywer:

1Kor 13:4 Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,

Job 5:2 Want verbitterdheid vermoor die dwaas, en naywer maak die domme dood.

3. Eenvoudige, onwankelbare geloof:

1Kor 13:13 En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

4. Ootmoedig en nederig:

Miga 6:8 Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te be-



trag en ootmoedig te wandel met jou God?

Spr 16:19 Dit is beter om nederig van gees te wees saam met die ootmoediges as om buit te verdeel met die trotsaards.

5. Sagmoedigheid:

Gal 6:1 Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie.

6. Getrouheid:

Psa 37:3 Bet. Vertrou op die HERE, en doen wat goed is; be-  
woon die aarde en beoefen getrouheid,

Luk 16:10 Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote on-  
regverdig.

7. Vriendelikheid:

Fil 4:5 Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby.

8. Lankmoedigheid:

Efes 4:2 met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lank-  
moedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra

9. Vrede:

2Tim 2:22 Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede, **saam met die wat die Here uit 'n** rein hart aanroep.

2Kor 13:11 Verder, broeders, wees bly; word



volmaak; laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees.

#### 10. Heiligmaking:

1Thes 4:7 Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking

1Thes 4:3 Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery;

Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;

#### 11. Blydskap:

Psa 100:2 Dien die HERE met blydskap; kom voor sy aangesig met gejubel.

Fil 4:4 Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!

#### 12. Liefde:

Luk 10:27 En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God lief-hê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.

Joh 15:10 As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.

1Joh 5:3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.

#### 13. Gehoorsaamheid:

Hand 5:29 En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.

Rom 6:16 Weet julle nie dat aan wie julle juisself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?

Gal 3:1 o, Onverstandige Galásiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig?

Efes 6:5 Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;

Kol 3:20 Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.

Tit 3:1 Herinner hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk;

Heb 13:17 Wees gehoorsaam aan julle voorgangers[predikers] en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenkap moet gee, sodat hulle dit met blydschap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

14. Onberispelik en opreg:

Fil 2:15 sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders **van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag** onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld,

1Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

2Pet 3:14 Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, bewys julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom

bevind mag word in vrede.

#### 15. Vrees God:

Pred 12:13 Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooië; want dit geld vir alle mense.

2Kor 7:1 Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.

Open 14:7 **En hy het met 'n groot stem gesê:** Vrees God en gee Hom heerlijkheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.

#### 16. Volg Jesus:

Joh 10:4 En wanneer hy[die Goeie Herder] sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.

Joh 10:27 My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.

Luk 14:27 En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie.

#### 17. Nederigheid:

Fil 2:3 Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

Rom 12:16 wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoër dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie;

#### 18. Honger na geregtigheid:

Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid,

want hulle sal versadig word.

Efes 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

Rom 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.

19. Word deur die Heilige Gees gelei:

Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

20. Barmhartigheid

Psa 37:26 Die hele dag ontferm hy hom en leen uit, en sy **nageslag is 'n seën.**

Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Luk 6:36 Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.

21. Rein van hart:

Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

Psa 73:1 **'n Psalm van Asaf. Waarlik,** God is goed vir Israel, vir die wat rein van hart is.

22. Standvastig:

1Kor 15:58 Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorfloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.

1Pe 5:9 Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, om-



dat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.

Gal 5:1 Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid (sonde) bring nie.

Efes 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

23. Word deur die Here geleer:

Jes 54:13 En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees.

Psa 25:4 Dalet. HERE, maak my u weë bekend; leer my u paaië.

Psa 119:66 Leer my **‘n goeie insig en kennis, want ek glo aan** u gebooië.

Psa 143:10 Leer my om u welbehag te doen, want U is my God. **Laat u goeie Gees my lei in ‘n gelyk land.**

24. Waaksaam:

Luk 12:37 Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien.

1Pet 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die **duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.**

Mat 25:13 Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.

Luk 21:36 Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en

voor die Seun van die mens te staan.

25. Ywerig in goeie werke:

Tit 2:14 wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle on-  
**geregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig,**  
ywerig in goeie werke.

1Tim 6:18 dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie  
werke, vrygewig, mededeelsaam,

Jak 2:26 Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die  
geloof sonder die werke dood.

Tit 1:16 Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën  
Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en on gehoorsaam  
is en ongeskik vir elke goeie werk.

Open 2:26 En aan hom wat oorwin en My werke tot die einde  
toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,

### Die bruidsrok

Die Woord van die Here leer ons dat die bruid bekleed moet wees met  
rein en blink fyn linne. Hierdie linne is dan die regverdige dade  
van die Heiliges.

Open 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en  
blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade  
van die heiliges.

In die sewende vers lees ons dat die bruid haarself moet gereed maak.  
Dis iets wat sy moet doen. Dit het nie sommer net vanself gebeur  
nie, sy moet daaraan werk om haarself gereed te kry.

Open 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heer-  
likheid gee, want die brui lof van die Lam het gekom en sy

vrou het haar gereed gemaak.

In Paulus se skrywe aan die gemeente in Kolosse [Kol 3], word hulle vermaan om sekere dinge **“dood”** te maak en ander dinge **“af te lê”**.

Vers 5 vertel ons van die dinge wat **“gedood”** moet word: Kol 3:5  
Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,

In vers 8 noem hy die dinge wat **“afgelê”** moet word: Kol 3:8  
Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond.

Kol 3:9 Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het

Kol 3:10 en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,

Hier volg die dinge waarmee die bruid beklee moet word:

Rom 13:14 Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie. [Maak ‘n nuwe, vars oorgawe indien nodig.]

Efes 4:24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

Kol 3:12 Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.

Kol 3:13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die **ander ‘n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.**

Kol 3:14 En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.

[Hierdie kled van liefde word bo-oor die ander gedra.]

Kol 3:15 En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.

Mag die HERE Sy bruid genade gee, dat HY haar nie by Sy verskyning naak sal aantref nie.

Open 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat elendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.

### Regverdige dade

1Pet 3:4 maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering **van 'n** sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.

Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Tit 2:7 Betoon jou in alles **'n voorbeeld van goeie** werke, met onvervalstheid in die leer, waardigheid, opregtheid.

Tit 3:14 Ons mense moet ook leer om vir die noodsaaklike behoeftes [van ander gelowiges] goeie werke voor te staan, sodat hulle nie onvrugbaar mag wees nie.

Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;

Gal 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;

Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelyke dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

1 Kor 3:12 En as iemand op dié fondament [Jesus, Christus]

bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels—

1Kor 3:13 elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.

1 Kor 3:14 As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang;

1 Kor 3:15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.

## Vervolging

Liewe bruid, moet nie verbaas wees indien u vervolgd word nie. Hoe nader u aan Jesus beweeg, hoe minder gaan sommige vriende en familie van u hou. Hoe dieper u die heiligdom betree, hoe verder gaan hulle van u af wegbeweeg. Hulle gaan u verag, spot en verstoot. Hulle het dit met Jesus ook gedoen, onthou u?

Joh 15:20 **Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: ‘n Dienskneg** is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolgd het, sal hulle jul ook vervolgd. As hulle my woord bewaar het, sal hulle jul woord ook bewaar.

Mat 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolgd en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.

## Intimiteit

Die bruid moet elke dag nader aan haar Beminde beweeg. Sy moet Hom intiem leer ken. Indien ons nie nou hier op aarde daarvan hou om met Jesus te kommunikeer en saam met Hom te wees nie, wat laat ons dink dat ons daarvan sal hou in die EWIGHEID?

Hoogl 6:3 **Ek is my beminde s'n, en my beminde is myne**—hy wat herder is onder die lelies.

Hoogl 7:10 **Ek is my beminde s'n, en sy begeerte is na my. Amen !!!**

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



### Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig.

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die **hemel en die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Open 22:17 En **die Gees en die bruid sê: Kom! .....**

Open22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

Tel/Fax (044) 696-5891  
E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

## Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.



Ja, kom Here Jesus!!!!!!